



Langs die kus van Spanje

OP PAD NA DAEGU

Kamermaatjie en ek trek toe mos op Daegu toe vir die groot Susi fees van feeste. Besluit egter om dit sommer met so ’n wye draai te bekrui. Ry eers reguit Suid, draai toe links, ry kuier kuier tot by die see en swaai toe weer kus op. Swenk uiteindelik weer binneland toe nadat ons eers die nuwe area goed deurgekyk en geproe het.

Eers die alewige ryslande.

Aanvanklik is dit ’n belewenis om net een na die ander ’paddy’ te sien so ver as die oog strek. Hulle maak hom oral werk. Tot hoog op teen ’n berghang. Maar onthou, ’n rysplantjie moet met sy voete in die water grootword, so hoe gelyker die wêreld hoe meer ryslande kry jy. Op pad



soontoe ry ons toe ook vir baie lang ente op baie nou paadjies tussen die alomteenwoordige ryslande. Partykeer moet jy by ’n afdraai of kruising stilhou en eers dophou of daar nie reeds ’n ander voertuig van voor af

kom nie anders gaan een van ons maar net weer moet agteruit ry.

Glo my jy wil nie in ’n rysland beland nie. Nie met kar en al nie.

By die volgende vissersdorpie het ons besef dis nie net in S.A. wat ons sypaadjiewinkels het nie! En kyk die balkondeur!



Hier het ons selfs gesien hulle maak ook hulle eie weergawe van ons bokkoms soos wat mens hier langs ons Weskus raakloop. Die vissies wat hulle so sout en van biltong maak, is ook nie veel groter as ons sin nie maar hulle vlek hom eerder oop as om dit heel te droog. Die foto regs wat ons daar geneem het, het selfs destyds die Rapport hier in Suid Afrika gemaak!



Hennie Greeff – Onrusrivier Noord

BRIEWE BUS



Hallo Hennie, Wat is 'n koei?



Hierdie is 'n opstel deur 'n laerskool leerling. Ingesluit is al die spelfoute en dinge.

Die koei is 'n soogdier. Hy is ook 'n huisdier. 'n koei is orrals.. 'n koei het 'n baie Fein reik - jy reik hom oor die jele plaas. Agteraan die koei sit die stert. An die een Kant van die stert sit die pint van die stert wat die kwas genoem word en an die anner Kant sit die koei.

Die koei gebruik die kwas om die flieje van haar weg te hou anders Val hulle innie melk. Vooran die koei sit die kop. Daar groei die hoorings. Die kop hou ook die bek vas. Tissen die stert en die kop sit die koei. Die koei is oorgetrek met 'n beesvel.

Onderan die koei hang die melk. Om die melk te kry, maak jy die koei se bene vas. Die agterstes. Dan sit jy onner die koei en trek die toutjie. Dan kom die melk. As die Gras goed is, is die melk goed. As die Gras sleg is, is die melk sleg. As die donner-weer in die lug is, is die melk weg. As dit 'n ou koei is, is die melk suur. Dit is baie goedkoop om 'n koei aan te hou want jy gee hom net eenkeer kos, Dan kou hy twee maal. Die man van die koei is die OS. Dit lyk soos die koei maar daar hang net nie melk aan hom nie. Om OS te se is nie 'n vloekwoord nie. Verder weet ek niks. Behalwe dat as 'n koei baie stip na jou kyk, moet jy padgee want Dan is dit 'n bul.

Corrie Greyvenstein – Welkom, Vrystaat

Sien laer af nog 'n storie van Corrie af (Red)




Hi Hennie,

Ek is hier in California en ek sukkel my dood om uit te vind hoe ek van Capistrano na LA kan gaan en dan nog boonop iemand kan kry hoe dit werk hoe om 'n toergids te kry wat kan help. Capistrano is 84km van Los Angeles. Ek is nog 10 dae hier om 'n dag trip na LA te doen.

Almal hier het hul eie vervoer, maar ek wil nie iemand vra om my te help nie. Die persoon by wie ek tuis gaan wil ek nie hê moet ry nie. Sy sal dit "nie maak nie". Die treine is onbetroubaar want nou die dag was almal 2 ure laat. Die hele dag het bestaan uit wag. Die toere in LA begin al 9vm. En om betyds 'n trein hier te kry sal soos in onmoontlik wees. Weet jy dalk of daar 'n Kambassadeur in my omgewing is wat raad het?. Ek is 84km suid van LA.

Groete, Elsbeth

Wie ken dalk iemand in L.A. wat ons gou aan Elsbeth kan voorstel? STUUR vir my 'n e-pos!

EKSAMENFLATERS – Ook ingestuur deur Corrie Greyvenstein



Graad 5 Afrikaans Eksamen

1. Waarvoor word beesvelle gebruik?

Om die bees binne te hou

2. Wat is outobiografie?

Dis die ontstaan en geskiedenis van die motorkar

3. Noem 5 dinge wat melk bevat?

Kaas, botter en 3 koeie



4. Wat is die verlede tyd van eet?


Honger

5. Wat is die verkleinwoord van Oupa?

Kleinseun

6. Wat is die teenoorgestelde van kleinneef?

Kleinteeff



7. Wat is die doel van die kies-en oogtande?

Die kiestande kou die kos en die oogtande kyk dat hulle die kouverk goed doen.

8. Voltooi die volgende idioom: Hoe meer Haas...

Hoe groter haaspastei



9. Wat is die meervoud van kabeljou?

Kabeljulle

10. 'n Sin met "ter aarde bestel..."

"Wie op ter aarde bestel so 'n groot koek?"

11. Formule vir 'n sirkel se omtrek:

"paai straal kordaat"



12. Wat is teenoorstaande hoeke?

Hoeke wat vir mekaar kyk

13.. Wat is 'n terminale siekte?

As jy op die lughawe siek word!

14. Vertaal in Afrikaans: "I beg your pardon?" (My gunsteling)

HuH?

15 . Wat noem ons iemand wat velle looi?

Onderwyser



16. Wat kry jy as jy jou melktande wissel?

Pepermenttande

Oom Wally

Piet Heyns

As Hoof van die Afdeling Beplanning in die Departement van Waterwese in Suidwes Afrika/Namiba het ek 'n oop deur beleid in my kantoor gehad en het as gevolg daarvan soms die interessantste mense ontmoet wat nie vooraf 'n afspraak met my gehad het nie en dus nie die deur gewys is deur my sekretaresse nie.



Een oggend, so teen elfuur se kant, bel sy en 'n Dr Smit is wat my wil sien. Sy laat hom deur, sê dat daar twee persone. Die een persoon lyk redelik jonk, maar daar is twee persone. Die een persoon lyk redelik jonk, so in sy middel veertigs, en die ander persoon is redelik oud. Ek moet keer om nie te lag nie toe ek daaraan dink dat die ouer man soos een van die sewe dwergies in die verhaal van Sneeuwitjie lyk. Die oompie is baie kort en het 'n lang, grys baard wat verby sy middel hang. Hy het 'n kortbroek safaripak aan en dra 'n paar lekker stewels soos ons in die Weermag gedra het. Hy stap fier en flink na my tafel toe terwyl die jonger man hom so 'n halwe tree voor is. Ek staan op en die jonger man is eerste by om my met die hand te groet. Terwyl hy na die kort mannetjie beduie, kondig hy met 'n harde stem aan: "Ek is Dr Smit en dis is Oom Wally van der Walt – hý is 'n miljoenêr! En ek aanvaar hy praat so hard omdat die oom Wally bietjie baie doof is. Dr Smit hou aan met praat en sê dat hy oom Wally se persoonlike lyfarts is. Oom Wally het sy miljoene gemaak met baksteenfabrieke in Natal en hy het 'n groot belangstelling in suidelike Afrika se waterprobleme, maar veral in Suidwes-Afrika."

Ek voel geïntimideer deur die lang aankondiging, maar beïndruk met die vooraanstaande geselskap. Ek beduie na die stoele en die twee gaan sit. Oom Wally begin sommer praat voor ek kan vra wat die doel van die besoek is, en verduidelik dat hy in die veertiger jare 'n lid van die Conroy Ekspedisie was en dat hy nou op besoek in die land is om vas te stel of die waterprojekte wat in die verslag van die ekspedisie voorgestel was, al gebou is. Ek is half uit die veld geslaan dat daar werklik nog mense is wat in hierdie dae dink dat die voorstelle in die verslag van die Conroy Ekspedisie haalbaar was, maar Dr Smit dreun voort dat Conroy voorgestel het dat die Kunenerivier in die Etosha Pan uitgekeer moes word, dat daar 'n kanaal van die Etoshapan na die Okavangodelta gegrawe moes word en dat die water in die delta aan Suid-Afrika voorsien moes word deur 'n pyplynsskema sodat die hele Suid-Afrika se vrugbare landbougrond besproei kon word.

"Wonderlik!" dink ek soos ons Professor Otto Wipplinger op Stellenbosch altyd gesê het as 'n student iets reg gedoen het.

Ek vra of hulle al die voorgenome inspeksie gedoen het en oom Wally verduidelik dat hulle reeds in die noorde was, maar dit lyk nie of daar al enige gevolg aan die Conroy projekte gegee is nie. Hulle het wel 'n kanaal gesien, maar die ding loop noord-suid in plaas van wes-oos. (Ek verduidelik dis die Omatakokanaal tussen Grootfontein in die noorde en die Omatakodam verder suid)

"Het julle per pad gereis?"

"Nee, ons het gevlieg", kondig Dr Smit selfvoldaan aan.

Nou met watter huurvlugonderneming se vliegtuig het julle gevlieg?", vra ek uit belangstelling omdat ons in Waterwese baie van die huurvlugte gebruik maak as ons na ons waterskemas of streekskantore in die noorde of die suide moes reis.

"Geen, ons vlieg met oom Wally se eie vliegtuig", sê Dr Smit trots.

Nouja ek moes dit mos geraai het as die man 'n miljoenêr is en ek voel 'n bietjie afgehaal, maar wil net seker maak dat ek nou met 'n vlieënde dokter te doen en het vra Dr Smit: "Is jy die vlieënier?"

"Nee, oom Wally vlieg self."

Genugtig, ek moer amper van my stoel af soos ek weer op die verkeerde voet gevang is en vra oom Wally hoe oud hy is, want ek weet daar is tog seker perke aan die ouderdom van 'n vlieënier en die oompie lyk maar gehawend oud met sy lang, grys baard.

"Op 83 is ek nog fris en gesond," kondig oom Wally trots aan. Maar hy meld dat hy 'n bietjie korter geword het as gevolg van die ouderdom en sukkel soms om die pedale in die vliegtuig by te kom as dit rof gaan met die weer.

Ek is blý verstom en vra weer vir Dr Smit of hy 'n vliegtuig kan vlieg, want hy het nie bevestig of hy wel die vliegtuig kan vlieg toe ek gevra het nie en ek redeneer so saggies deur my tande dat 'n mens seker met jou lewe dobbel as jy jou saam met so 'n ou vlieënier in 'n vliegtuig begewe en nie self kan vlieg nie..

"Nee ek kan nie vlieg nie, maar ek is oom Wally se persoonlike dokter en hou hom in 'n goeie kondisie om veilig te kan vlieg. (En seker sodat hy ook jou salaris kan betaal, wonder ek.)"

Die Dokter het baie selfvertroue in sy helende vaardighede vir 'n man wat nie self kan vlieg nie, dink ek. Dit herinner my ook aan die dag wat ek saam met die 65-jarige oom Gus Uys gevlieg het en toe ek hom vra wat moet ek doen as hy skielik agter die stokke "die emmer skop", het hy net gesê: "As ek iets oorkom, boetie, sal jy bleddie vinnig moet leer om hierdie ding te land!"

Ek verander toe maar die onderwerp van die bespreking terug na die waterprojekte en verduidelik so half tong in die kies dat die Conroy ekspedisie nooit rekening gehou het met die gevolge wat hul planne op die omgewing sou gehad het nie, want "die olifante in die Etosha Wildtuin sal nie van nat voete hou as hulle hele wêreld met water van die Kunene oorstroom word nie". Verder sê ek dat 'n mens nie die Kunene se water met 'n kanaal van die Etoshapan na die Okavangodelta kan lei nie, want daar is 'n groot "berg" tussen Etosha en die Okavango Delta, die sogenaamde Otavi Bergland in die driehoek tussen Otavi, Grootfontein en Tsumeb).



"Nee!" sê oom Wally. "Dis nonsens want ek hét mos oor die gebied gevlieg en van bo af het dit vir my maar baie plat gelyk!"

Weereens: "Kolskoot" mis en ek begin die gesprek beëindig. Hulle is daar weg nadat hulle 'n paar baksteenfabriek pamflette gelos het en ek het nooit weer van een van hulle gehoor nie.

Sekerlik in hulle moer gevlieg...!



Giggels



Kosie aan Jannie: "Ek gaan more in om besny te word!"

Jannie: "Ek was besny toe ek maar 'n paar dae oud was"

Kosie: "Was dit seer?"

Jannie: "Wel, ek kon omtrent vir 'n jaar nie loop nie"



Ek het hom vanoggend geskiet so 18km buite Potchefstroom, die verdomde ding het weer skaap gevang....



**DIE BEST DING UIT
DIE SOETE OU DAE IS
DAT EK NIE OUD
WAS NIE OOK NIE
SOET NIE**



Betroubare Kuur uit
die Himalayas vir
Hardlywigheid

Die Groot Vliegavontuur no. 1

Mal soos ek al my hele lewe lank oor reis was, het dit eers laat in my lewe vir my beskore geraak om vleuels te vat. Eers was daar nie geld nie, toe nie tyd nie, en daarna hopeloos te min van beide. Dit het 'n lewensramp en 'n baie goeie nuwe vriendin, gekos om my in die lug te kry. Lang storie, maar nie vir hier nie, jammer.

Hoe dit ook al sy, Donderdagmiddag, 30 Desember 1999, styg my Austrian Airlines MD-11 van 'n lekker warm (35°C) Kaapstad af op, rigting Wene met my uiteindelijke bestemming Ponta Delgada op die Asoriese eiland São Miguel.

Die vlug was een 'n groot plesier. Ek het 'n ry van drie sitplekke vir myself gehad en kon lekker uitstrek vir 'n dutjie of wat. Wonder om te sien was wat onder ons gelê het toe ons oor die Sudan en Egipte vlieg. Dit was stikdonker, maar flou liggies het gewys waar paaie en gehuggies in die nanag op die woestynlandskap gelê het. Toe vlieg ons oor Athene en Thessaloniki – verstommende blertse lig in die nag – voordat ons so skraps suid van Boekarest wes swenk om na Wene te pyl.

Land daar net voor die son opkom, en ek vergaap my aan die dorre gras langs die aanloopbaan. Nee, urk, dis nie wintergras nie, dis *sneeu!* Die termometer in die ontvangssaal sê dis -6°C. Brrrr....

Maar die groot gedinges lê toe nog voor. Sien, die plan was dat ek van Wene na Lissabon sou vlieg met een van Nikki Lauda se redery se vliegtuie. Goed en wel. Ek kry dit sonder gesukkel reg om by die korrekte vertrekhek te kom, en net daarna gaan ons aan boord. Nog punt in die wind... Maar, nee, net ná die vliegtuig op die taxibaan gestoot is, kom die aankondiging dat die stuurkajuit se ontwasemer nie werk nie. Só kan ons nie vlieg nie. Maar, moenie jul hare uittrek nie, dames en here, hulle gaan ons aan die punt van 'n ongebruikte aanloopbaan staanmaak tot die ou probleempie opgelos is.

Ga! 'n Uur of so later praat die kaptein weer om ons in te lig dat sy êrie nie vandag sal kan vlieg nie. Gee ons 'n keuse: Lauda Air het plekke vir ons op 'n vlug laatmiddag, of hulle sal vir ons kaartjies op 'n Iberia vlug na Lissabon via Barcelona betaal.



My roete is só uitgewerk dat ek die laaste SATA vlug na die eiland van die dag moes haal. Agtuur in die aand, Lissabon se tyd, se vertrek sou my drie uur later om tien nm Asore-tyd op die eiland sien land. Dus kon ek nie die later Lauda vlug neem nie.

En daar tref die dinges die fên...

Alles goed en wel, dog ek. Nie te lank daarna nie, styg ons op. Vlieg heel rustig en land in Barcelona. En daar tref die dinges die fên – vir die tweede keer.

Die vliegtuig wat ons Lissabon toe sou neem, moes dringend in 'n ander koers in. Maar, señors y señoras, g'n probleem nie; daar's 'n vliegtuig op pad om julle op te laai, maar hy sal nog 'n rukkie neem. Middagete is intussen gratis beskikbaar op Iberia se onkoste.

Oukei. Eet toe 'n middagete wat uit 'n worsrolletjie, jellie en koffie bestaan. En wag. En wag. En wag. Ook maar goed dat ek, anders as gewoonlik destyds, baie geduldig kon wag – in die Weermag geleer, sien.

Uiteindelik kry ons die goeie nuus dat ons vliegding gereed is. Goeie nuus! Slegte nuus? Ek sou nie voor 8:15 die aand in Lissabon land nie. Brom in my baard oor die verpaste vlug, maar wat kon ek anders doen? Dit sou beteken dat ek in Lissabon sou moes oornag om die eerste vlug die volgende oggend te haal.



Iberia wil niks weet van hotelverblyf vir my oornag nie, en geld het ek nie juis gehad om self 'n plek te kry nie, min wetende hoe maklik en goedkoop dit sou wees, maar ek was groen en suinig, en dus slaap ek toe maar die nag in horte en stote in Lissabon se lughawe. Die dametjie by die inligtingsloket was gaaf genoeg om my vriendin te bel sodat ek die slegte nuus kon oordra. Ag, ja, wat, so snork dit mos maar...

Toe die SATA kantoortjie die volgende oggend oopmaak, was ek daar en in 'n rits was my plek op die eerste vlug bespreek, en agtuur die volgende oggend sit ek vir die eerste keer in my lewe voet in die Asore! Wat 'n ervaring! Ek was ekstaties....

... tot ek moes hoor my tas kuier nog lekker in Wene! Omdat ek nie amptelik in 'n Shengen land geland het nie, is ek nooit deur doeane nie, en gevolglik het die bagasiebeheer nooit daarby uitgekóm om my tas agter my aan te stuur nie.

Dit was egter 'n kleinigheid. Ek was op die allerpragtigste eiland en die twee dae se wag vir die ou tassie was, op die keper beskou, 'n onbenulligheid.

En so het ek my eerste groot vliegavontuur beleef!



OP 'N ANDER



Die Babymaker



Deur Johan Stemmet

My grootwoordwêreld was weer onlangs in die Rapport: “Koingnaas se mense begin self paaie en slaggate herstel.”

Kleinzee was destyds die Juweel van die Namakwalandse Weskus en Koingnaas het in 1970 bygekom. Hierdie was diamantmyndorpe wat bedrywig was in my tyd maar deesdae dwarrel glo nog net herinneringe aan die ou Namakwalandse mynwerkers saam met die Suidewind in die strate rond.

“Babymakers?” Al van so ‘n ding gehoor? Dit was die manne wat hierdie ronde handsiwwe gemaak het waarmee delwers goud- of diamantgruis met die hand gespoel het om die modder deur te werk. Dan kon ‘n mens sien of daar nie dalk iets waardevols in die sif agtergebly het nie. Vanweë die wiegaksie van die proses is die sif dan sommer ‘n “baby” genoem.



En so kuier Rooi-Piet Mostert by oom Groot-Gert Goosen se dogter, Hester, die aand op Grootmis. Grootmis is so ‘n klipgooi van Kleinzee af, net duskant die Buffelsrivier.

Rooi-Piet Mostert, als behalwe beskeie oor sy nering:...


Rooi-Piet leer nog sy ambag as sifmaker maar werk intussen as klerk in die mynstoor op Kleinzee. Dat hy trotser op die sifmakery as die mynstoorwerkery is, is nie te betwyfel nie.

Toe oom Groot-Gert Goosen die jongman onverwags in die voorhuis by sy dogter betrap, is hy onmiddellik agterdogtig: “Nou wie is jy dan nou en wat maak jy vir ‘n lewe?” En daar kom dit van Rooi-Piet Mostert, als behalwe beskeie oor sy nering:

“Ek is Pieter Mostert oom en ek maak Babies vir ‘n lewe...”

“En met wie nogal?” wil die oom weet terwyl hy half onkant gevang in Hester se rigting gluur.

Nog voordat hy kans gegun is om te verduidelik moes Rooi-Piet hoedvat en padvat. Hy het nie weer op Grootmis gaan kuier nie.



Spreekkamer- Stories.

Met 'n lepel vol lag.

Dr. Fana Malherbe



Dame aan plastiese chirurg: “Ek is siek vir al daai twak oor skoonheid wat net oppervlakkig is. Wie stel nou belang in 'n pragtige pankreas?”



Ortopediese chirurg aan pasiënt: “Dit gaan vanaand reën. Ek voel dit in jou gewrigte.”



Die sekretaresse skakel 'n inkomende oproep na die dokter deur. Dis 'n man wat werk soek as kombuiskok.

Dokter: “Nee dankie, ek het 'n kok.”

Kok: “Maar ek is 'n baie ‘special cookboy’.”

Dokter: “Dankie, maar my kok is ook 'n baie special cookboy.”

Kok: “Ja, maar ek is 'n ‘very, very, very special cookboy’.”

Dokter (nou lekker dik vir die man): “Luister hier! My ‘cookboy’ is Johannes en hy is 'n ‘very, very, very, very special cookboy’ en ek soek nie iemand anders nie. Totsiens!”


Kok: “Wag-wag-wag! Orraait, orraait! Dokter, dit is Johannes wat praat. Ek ‘check’ net 'n bietjie op.”



KAMMAWÊRELD No 8

'n Biorekenaar: Programmering van Kop tot Tone

deur Maryna Blomerus



Die spesmas dat ons heelal gesimuleer is, word versterk deur hoe organismes se lewende DNS-handleiding instruksies bevat wat ooreenkom met wat ons in ons eie rekenaarprogrammering vind. Hier volg enkele voorbeelde.

Posisie-onafhanklike kode

In die Windows en OS/2 bedryfstelsels vind ons DLL (dynamic-link library), Microsoft se konsep van 'n gedeelde biblioteek. Dinamies-gekoppelde biblioteke kan nie statiese adresse intern gebruik nie, omdat die kode op verskillende plekke in verskillende situasies kan voorkom. DNS se weergawe hiervan word vervoerkode genoem. Byna die helfte van die menslike genoom bestaan uit transponeerbare elemente.

#if/ #endif-stellings

Van die nagenoeg 25 000 gene in die menslike genoom gee die meeste selle uitdrukking aan slegs 'n fraks - 'n lewensel het immers min behoefte aan neurone se DNS-kode. Aangesien byna alle selle 'n volledige kopie van die genoom dra, moet inligting wat nie nodig is nie, uitge-#ifdef word. En dis net so. Die genetiese kode is vol #if/ #endif-stellings.

Epigenetika

Substansiële manipulasie van die uitdrukking van genetiese inligting geskied deur die aktivering en deaktivering van dele van die genoom sonder om die kode self te verander. Dit vergelyk met die Linux kern wat, wanneer dit laai, ontdek op watter sentrale verwerkingseenheid dit hardloop, en 'n deel van sy binêre kode deaktiveer wanneer dit (byvoorbeeld) ontdek dat dit op 'n enkel SVE hardloop. Die omgangstaal hiervoor is nopping, afgelei van *napping* en *locking out*, soos om uit te klok vir 'n middagslapie.

Vurk() en 'vurkbom' ('kanker')

Soos met die Unix bedryfstelsel word selle nie geskep nie – hulle is 'gevurk'. Alle selle het hul oorsprong by die ovum wat oor en oor verdeel. Beide helftes van die vurk () is aanvanklik identies, maar van daar af differensieer hulle. Soos met Unix ontstaan daar groot probleme wanneer selle aanhou vurk en hulpbronne uitput. Dis 'n soort kanker. Die sel is deurspek van 'waghonde' wat keer dat die soort ding gebeur – 'n 'beveilig-by-verstek' konfigurasie.

Virusskandeerders

Biologiese virusse is besonder goed daarmee om genoom-stelsels in te dring, nes 'n rekenaarwurm wat die virusskandeerder flous.

Die vloei van instruksies (.c -> .o -> a.out/.exe)

Volgens die 'sentrale dogma' van genetika word DNS gebruik om RNS te maak en RNS om proteïene te maak. Dit is soos om te sê dat 'n .o lêer van 'n .c lêer kom, wat saamgestel kan word in 'n uitvoerbare (a.out / exe) en dat dit die enigste volgorde is waarin inligting *kan* vloei.

Heilige kodes

Sommige rekenaarkode is 'heilig'. Die programmeerder mag dalk lank vergete wees, maar niemand peuter met sy kode nie, want dit 'werk'. 'Heilige' kode word ook in selle gevind. 'n Voorbeeld daarvan is die Histoongene H3 en H4 wat noodsaaklik is vir die berging van die genoom - enige fout in hierdie kode is ramspoedig. Gelukkig duld Moeder Natuur geen gepeuter met hierdie kode nie. Die H3 en H4 gene het 'n nul-effektiewe mutasiekoers in mense, en ons deel dieselfde kode met enigiets van hoenders tot gras.

Multiprosessering |

Elke sel is 'n sentrale prosesseringseenheid wat sy eie kern bedryf. Elk dra 'n kopie van die volledige 'handleiding', maar aktiveer slegs die relevante 'modules'. Indien 'n sel iets wil doen, aktiveer dit die toepaslike stukkie genoom en transkribeer dit in RNS. Die RNS word dan vertaal in 'n volgorde van aminosure wat saam 'n proteïen opmaak waarvoor die DNS gekodeer het. Vir hierdie proteïen word 'n geadresseerde 'etiket' opgesit. Dit is 'n merker bestaande uit verskeie aminosure wat die res van die sel inlig waarheen dit moet gaan. Sekere masjinerie reageer op die instruksies en die proteïen word by die korrekte adres afgelewer. Die afleweringinstruksies word verwyder en eers dan word die proteïen geaktiveer – dit sal immers nie deug om 'n aktiewe proteïen deur plekke te vervoer waar dit nie moet werk nie.

Self-gasheer

Vernietig alle C-kompilators op die planeet en behou slegs die kode vir een en daar's groot moeilikheid. Al het ons die C-kode vir 'n C-kompilator, het ons 'n C-kompilator nodig om dit te kompilleer! Hierdie probleem is opgelos deur nie die eerste C-kompilator in C te skryf nie, maar in 'n reeds-beskikbare taal: B. Dieselfde geld vir die genoom. Om 'n nuwe 'binêr' van 'n monster te skep word 'n 'lewendige' kopie gebruik: jou ouers.

Begin en stop bisse |

...0 0000 0001 0000 0010 0000 0011 0... beskryf die agt bit-waardes 1, 2 en 3. Die spasies wat ingevoeg is, maak dit duidelik waar 'n greep (*byte*) begin en eindig. As ons die spasie effens skuif, kry ons ...00 0000 0010 000 00100 000 00110 ... en skielik lees dit 2, 4 en 6. Om te keer dat dit in DNS gebeur, is daar uitgebreide tekens wat die sel inlig waar om te begin lees.

Die skep-lêer

Organismes begin as 'n enkelsel. Wanneer die TAR-lêer, met al die relevante lêers, onttrek is, maak die homeobox-gene hul verskyning. Gekopieerde selle moet 'n doel toegeken word. Die homeobox-gene begin met die lê van 'n bo-na-onder afhanklikheid wat lees 'begin by die kop'. Hiervoor word 'n chemiese gradiënt geskep wat selle inlig waar hulle is sodat hulle iets nuttigs kan doen vir die bou van byvoorbeeld 'n primordiale ruggraat. Nes 'n skep-lêer (*makefile*), aktiveer hierdie HOX-gene slegs dinge in ander gene; self bou hulle niks. Die homeobox sintaks is uiteraard ook 'heilig'.

Dit lyk asof die heelal saamsweer om die waarheid te onthul as ons die moed het om die tekens te volg. Meer tekens in die volgende uitgawe!

AGTEROS: NET VOOR UITSPANTYD POU MOLESTE



Hierie een het oorle oompie Doors ook eendag staan en vertel. Sit ons mos op die plaas langs die houthoop rondom 'n rooster vol toepens harders. Driemankan "Zonnenbloem" byderhand. Een glas. Leë fishpaste botteltjie. Issie nog tyd vir lank teug en terugsit nie. Anner manne net so dors. Stuur ons die glasie om. Skink. Sluk en aangee. Dis die ritueel.

"Ou Swaer" val oorle oompie Doors met ding in die pad, "het ek julle al vertel van daai keer toe oorle oompie Japie Muis daar by Garies gevang was vir onwettig gompou skiet?"

Slaan die ou sommer 'n stuk storie oor en vertel gou waar oom Japie aan die bynaam gekom het. Sê oompie Doors oorle oom Japie was mos so 'n effense, half onduidelike, ou mannetjie. Seningmaer met sulke coathanger skouertjies enne dun strepie snor soos 'n moutersmous. Saans assie ou kaalvoorlyf staan en onder sy blaaie was, skynie olielamp so pienk tussen sy ribbetjies deur.

Antie was volrond gebou. Sommer 'n hele entjie gewig gedra, het sy. Nou't die manne loop en vertel as hulle twee saans in die kooi 'n sinnigheidjie vir mekaar loop staan en ontwikkel en oom Japie loop staan en raak aanie die woel, moes hy bleddie naby aan 'n muis op 'n meelsak gelyk het. Sê die manne oor 'n fishpaste glasie.

"Ewentwel", gaan die ou voort. Sit net so hier en daar 'n punt of 'n komma met die fishpaste glasie in die sinne. "So sit die ou eendag af veld toe met die groen Chevbakkie, half-brandsiek plaasbrak en sy roer. Lús die ou 'n stukkie pouveris"



Weet oompie Doors te vertelle lat die polieste op Garies hoeka weet van die onheilighede en tou staan om vir Japie Muis te vang. Soek bevordering, die spul poeliesmanne.

So kom die ou om die waenhuis se hoek. Vet pou agter op die Chevy. Ry hy amper die geel poeliesvan in sy moer. Staan ou Sersant Venter vir hom só en kyk. Op sy eie werf, staan en wag die diener hom in. Loop staan en skrik die ou homself amper 'n klont in die broek in by die aanskoue van die dienaar van die gereg.

Skèlm was oompie Japie, maar oneerlik? Nooit gesien nie. Bieg sommer daar oppie plek soos 'n kind wat met 'n bek vol gemmerkoekies in die spens gevang is. Nooi op stuk vir 'sant vir 'n koffietjie. Help laai sommer self die bewysstuk agter in die van.

Gee sommer nog 'n streepsak ook om die bewys in te bêre. Moenie onnodig die goewerment se rygoed nog loop staan en vol bloed mors nie.

So orie koffietjie bie die ou homself uit die boeie uit en reël dat hy oor twee dae self innie hof sal kom verskyn. Belowe sommer om skuldig te kom pleit ok.

So innie gesels en koffiedrink gaan maakie ou 'n draai innie kombuis om kastig 'n tweede treksel koffie te reël. Fluister soetjies en vinnig, amper soos 'n plaastelefoon se lui – twee langes en 'n kortetjie – in die antie se oor. 'n Êrnstige opdrag.

En so is 'sant daar weg met die bewysstuk. So heppie soos 'n hol op 'n pot. Sien in sy geestesoo al klaar nog twee strepe by die drie wat hy reeds op sy arm het.

Oompie Doors weet egter te vertel dat nuus mos die gewoonte het om nie langs pad te loop staan en slaap nie. Daai Maandagmôre hoftyd, toe lyk daai Garies se hoofstraat erger as nagmaal op Pofadder. Dis van de mouters en mense. Van Onseepkans tot Wuppertal het mens vergader om hierie saak by te woon. Vannie manne het sommer hoed omgestuur om boete te kollecteer vir ingeval oom Japie aan die magistraat se moerkant beland. Kan mos nie staan en kyk hoelat 'n honger Christenmens oor 'n pou tronk toe gaan nie!

Kom oom Japie geheel en al met 'n agent daar aan. Prokureur met die naam van Brink. Hannes Behaag was sy bynaam. Sag van stem. Min van woord. Al wat sy kliënte kon uitmaak ás die ou 'n slag iets hoorbaar kwytraak was min of meer "sosiehofbehaag" Dan's jy of buite of tronk toe!

Dáái dag, vertel oompie Doors, was dit 'n ander Hannes Behaag wat die hof inpronk. Grootste saak van sy lewe sal mens sweer. G'n nikse behagery nie. Brááf en kordáát. Vol boekgelerentheid en ter tale in die Latyn. En, vertel die wat binne ruikafstand van die stoet kon kom, omgewe met 'n fishpaste glasie se naklank!

So maak hy beswaar teen die magistraat. Moet glo rekuseer. "Rekuseer, ou Swaer, so sal ek later loop staan en uitvind, is 'n Latynse woord vir 'jy kannie hierie saak aanhoor as jou hand self 'n hele paar keer innie beskuldigde se poupot was nie" vertel oompie Doors wyl hy homself weer 'n stywe skeut Latyn uit die fishpaste glasie aanmatig.

Konsternasie. So moet 'n magistraat met spoed van Springbok af ingevoer word. Met geleide. Kerm spietkop se motorbikesirene soos harpuis oor nat gare. Flits blou ligte soos donnerweer pad af.

En nou's die spulletjie reg. Hofsaaltjie gepak. Boeppens soos 'n matriekboesak. Hang party sommer soos nat Maandagwasgoed by die vensters in.

Stel die aanklaer klagte vol bravade.

"Onskuldig Eerwaarde" prewel oom Japie muisvaal. Pink Antie traan met pienk blommetjiesakdoek se punt weg.

"My klient pleit 'Onskuldig' Edelagbare" ego dapper Hannes Behaag.

Kom staan 'sant Venter in getuiebank en vertel sy storie. Amper soos Oudoom Sondae. Met impak. Lang stiltes tussen paragrawe. Kyk oor die skare heen asof hy 'n verlossingsboodskap aan't bringe is. Getuig homself met oorgawe in die hoër range in vertel oompie Doors.



Magistraat kykie oppie. Krom oor die regbank. Skryf die ou. Pen skrou girts-girts oor die geduldige papier.

So kom dit by die kruisverhoor uit. Toe's Hannes Behaag eers op sy stukke vertel oompie Doors. Dasknoop nou half losgeskuif vir diep asemteue. Vingers agter die kruisbanne ingehak. Loop op en af in die hof. Lyk amper asof hy homself aan sy kruisbanne loop en rondsloop. Pronk. Kropduif se moer, vertel Oompie.

"Konstawel" beginne die ou.

"Sersant" help die getuie die ou reg.

"Konstawel" volstaan die ondervraer. "Hoe seker is u vandag dat dit 'n pou is wat my klient geskiet het?"

"U Edele so seker as wat ek vandag hier voor u staan en my naam Stefanus Gerhardus Petrus Benedictus De la Rey Venter is" getuig 'sant met oorgawe .

Min wetende dat hy binne die volgende drie minute 'n identiteitskrisis van enorme omvang gaan binnestrompel.

"En wat, as ek mag vra, het van die corpus delicti geword" Latyn ou Hannes Behaag voort.

Daai tyd, vertel oompie Doors, lyk dit kompleet of hy homself aan sy kruisbanne opgetel het. Loop en sweef oor die vloer soos 'n spook op 'n maanligaand. Windgat se baas!

"U Edele, ek weet nie wat 'n pou se geleerde naam is nie, maar as dit oor die pou is wat nou gevra word, dis hier buite die hof in 'n streepsak" . Vermakerig, die stomme getuie.

Loop haal die hofkonstawel die sak buite en kom ingedril soos 'n dragonder op parade. Oorhandig dit plegtig aan die getuie. Ontvang die getuie dit amper soos 'n prys wat hy by 'n landbouskou gewen het..

Vrot van die etiket is onse sersant volgens oompie Doors. Vra ewe verlof om die getuiebank te verlaat en die sak op die hofkonstawel se tafel uit te skud. Knik Sy Edele instemmend. Maak 'sant die baaltou los. Skud daai sak asof hy hooi vir die esels uitskud.

“Val daar 'n moerse groot grysont Koekoek haan, ordentlik nek omgedraai, op die tafel. G'n niks pou nie” vertel Oompie.

Druis die skare in ongeloof. Amper soos asof Oudoom se broek onder gebed op die kerksaal se verhoog afgesak het. Ongeloof. Ampers heidense ongeloof op die gesigte.

Plaaslyn opdrag! Twee kortes en 'n lange!

“Ou Swaer, jy staan en verkool mos nou daai stomme harders!” maan oompie Doors. Hou die fishpaste glasie uit. Vul. Sit die laaste punt agter die laaste sin met een teug neer.



KAMMANUUS KOM NOU EERS WEER VOLGENDE MAAND UIT

EN.....

STUUR DAAI STORIES!!!!